BEGELEIDING VAN GEESTELIKE LEIERS WAT GOD SE KUDDE VERSORG

SEPTEMBER 2014 Nr 52

IN DIE SKADU VAN 'N "SHEPHERD'S TREE"

Missionale dominees?

Ek is nie eers seker of daar 'n term soos bogenoemde bestaan nie, maar by verlede week se Blok 2 van ons VBO-kursus, het ons die vraag oor dominees se missionale eienskappe gevra. Blok 2 handel oor die vraag of gemeentes deel van die oplossing, of deel van die probleem is, met spesifieke verwysing na missionaliteit.

Natuurlik is daar soveel geskryf en 'n ryke bron van literatuur bestaan reeds. Dink hier aan die werk van Bosch, Newbigin, Kiefert en ook die verslag aan die Algemene Sinode verlede jaar. Maar ons moet dit *plaaslik* maak werk. Een van die grootste vrese is dat die *status quo*, waar ons vir mekaar bestaan en die dominee die gemeente versorg en bedien, sal verloor. Sal hierdie ander mense – vir wie ons dan nou bestaan – nie ons identiteit (leestaal) steel nie?

Ek het probeer om missionale gemeentes so eenvoudig as moontlik in my woorde te verduidelik: **"Ons bestaan nie vir onsself nie, maar vir almal wat nie deel van die gemeente is nie."** Dit beteken nie dat ons nie meer bestaan nie. Ons kan net 'n rol in die gemeenskap speel as ons na die beste van ons vermoë, gemeente is. Dit beteken ook, versorg is. Ons kyk daarom na mekaar en is dáár vir mekaar. Ons dominee versorg ons geestelik, bedien die sakramente en bedien die lidmate.

"In die week het elkeen 'n bediening." Nadat ons versorg is, versorg ons almal buite, wat versorging nodig het. Daarom het elke lidmaat 'n bediening en bring dit die liefde, vrede en omgee van Christus, na my werk-, speel- en blyplek. Dit maak ons sensitief vir plekke waar dit blyk afwesig te wees. Ons doen dit met oorgawe, want Sondag is ons weer bymekaar en word ons versorg vir ons bediening van Maandag tot Saterdag.

Daarom is 'n missionale dominee dié dominee wat in sy hart hierdie oorgawe aan missionaliteit gemaak het, sy gemeente daarvoor motiveer, hulle steeds met oorgawe bedien – sodat hulle vrese besleg is – en die eerste een is, wat oor die spruit of die trein-spoor stap.

Tot ons volgende saamsit in Sy koelte...
Gerhard Botha

VBO-VOETPAD

26 SEPTEMBER 2014: 3rd INTERNATIONAL CONFERENCE OF MISSIOLOGY
Tema: Eschatology: Life after death
Waar: UV, Teologiese Fakulteit, Kamer 120
Tyd: 09:00 – 17:00
VBO-punte: 10
Kontakpersoon: Prof Pieter Verster, tel: 051 401 2972 (k)

1 – 3 OKTOBER 2014: *FRESH EXPRESSIONS*
Sameroeper: Nico Mostert
Plek: Drakensville
VBO-punte: 20
Verdere inligting sal later bekend gemaak word.

10 – 12 NOVEMBER 2014:
KURSUS IN BEDIENINGSVERNUWING:
Module 3: *Dit gaan oor God! – Maar nie sommer enige God nie... Die Triniteit, Missio Dei en die plot van die Evangelie*
Aanbieders: Rian Venter
Plek: NG Gemeente Reitz
Tyd: 9:00
VBO-punte: 20 per module
Registrasie: SMS D25674, u naam en e-posadres na 31029

2 – 3 FEBRUARIE 2015: Teologiese dag en gesprek met Fakulteit
Plek: UV-Kampus
VBO-punte: 10
Registrasie: SMS D54675, u naam na 31029

9 – 11 FEBRUARIE 2015: KURSUS IN BEDIENINGSVERNUWING: Module 1, Groep 2
Tema: *Oor ons Konteks - om die wêreld en tye waarin ons leef, dieper te verstaan*
Aanbieders: Rian Venter & Gerhard Botha
Plek: Parys
VBO-punte: 20
Registrasie: SMS D82537, u naam en e-posadres na 31029

22 – 24 JUNIE 2015: VBO-WINTERWEEK
Tema: Jubeljaar van Hoop
Plek: UV-Kampus
VBO-Punte: 30
Registrasie: SMS D16616, u naam en e-posadres na 31029

Like ons op Facebook:
Shepherd Centre UFS
NB: Die nuutste VBO-inligting word ook op Facebook geplaas.

Fakulteit Teologie UV, *Shepherd* Direkteur: Dr GP (Gerhard) Botha, Programbestuurder: Marina Oberholzer Tel: 051- 401 3995 Epos: shepherd@ufs.ac.za